

ENKELE GEDAGTES OOR DIE ONDERWYS VAN GESKIEDENIS

Toespraak gehou by geleentheid van die Jaarkongres van die Transvaalse Afdeling van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, op 7 Oktober 1961

Geagte Voorsitter, dames en here,

Laat my toe om u hartlik te bedank vir die geleentheid wat u my bied om 'n paar gedagtes by hierdie kongres te mag uitspreek. Waar u vereniging regstreeks belang het by een van ons skoolvakke, mag dit 'n goeie doel dien as senior amptenare van die onderwysdepartemente soms die geleentheid kry om 'n paar idees in u midde te lê en om op hulle beurt weer deur u beraadslagings verstandelik bevrug te word. Daarom wil ek graag enkele opmerkings maak oor die plek en die rol van Geskiedenis in die onderwys-program van Transvaal.

Die mens is 'n weetgierige wese wat gedurig besig is om vrae te stel en antwoorde daarop te soek. Ons ken almal die oneindige stroom vrae waarmee volwassenes deur drie—vyfjarige kinders bestook word. Ons is maar net so, behalwe dat daar nie altyd iemand is om die vrae aan te stel nie — ons moet deur ondersoek die antwoorde probeer vind.

So sien ek die bioloog op 'n bergpiek staan en hy staar die verlede in. Hy soek. Daar is drie vrae wat hom kwel.

Wat is lewe?

Hoe het lewe ontstaan?

Watter ontwikkeling sal lewensvorme in die toekoms ondergaan? Langs hom staan die filosoof. Hy staar ook die verlede in. Hy vra ook:

Wat is die lewe?

Waar kom dit vandaan?

Waar gaan dit heen?

Langs hom staan die geskiedkundige. Hy vra:

Wie is ons?

Waar kom ons vandaan?

Waar gaan ons heen?

Ons het nog nie ver gevorder in die beantwoording van die drie vrae nie. Ons sou al verder gewees het as ons 'n breër visie gehad het ten opsigte van die indeling van studieveld in vakgebiede. So byvoorbeeld het die fisikus hom nie altyd genoeg bedien van die kennis van die skeikundige nie terwyl die geskiedkundige hom nie veel gesteur het aan die kennis van die bioloog nie.

Ons moet eers sover kom om in te sien dat die afbakening van studieveld in studievakke nie waterdigte kompartemente moet daarstel nie, maar dat alle kennis en wetenskap maar net in een vak saamgevat kan word, nl. „Die Waarheid”.

Gedurende die laaste halfeeu het hierdie idee van groter uitwissing

van vakgrense, saam met die toenemende fasiliteite vir navorsing, baie daartoe bygedra dat ons, hoewel soms stadig, met vasberadenheid die gordyn waaragter die doolgame van die mens se omswerwinge op aarde verborge lê, stap vir stap kon terugskuif. Om die geskiedenis van die mens na te speur, is een saak, om die geskiedenis van alle lewensvorme op aarde na te speur is 'n ander saak en om die geskiedenis van die planeet waarop ons ons bevind na te speur, is nog 'n ander saak. Om aan onself verslag te gee van die nut van dit alles is ook 'n probleem wat ons tot ernstige nadenke behoort te stem.

As geskiedkundige sou ek sê dat wat 'n studie van die wetenskap vir die tegnologiese aspekte van ons beskawing beteken, is die studie van die geskiedenis vir die sosio-ekonomiese en staatkundige aspekte daarvan.

Vandag is uit gister gebore en môre sal uit vandag gebore word. Die wel en weë van môre lê dus in 'n groot mate in ons hande omdat môre die gevolg is van ons handelwyse van vandag. In hierdie verband lyk dit of daar twee feite is wat blykbaar met mekaar in konflik is. Aan die een kant is die verlede, vanweë ons toenemende kennis daarvan, besig om in krag toe te neem en sodoende die toekoms te beïnvloed. Aan die ander kant, deur 'n studie van die verlede en die wette wat sy ontwikkeling ten grondslag lê, verkry elke geslag meer mag en 'n groter begeerte om self die toekoms te beheer. Om hierdie tweeledige invloed en beïnvloeding van die toekoms te deurgrond, sou ons by die ondeurgrondelike probleem van die vrye wil bring. Dit sal ons maar daar laat.

Die mens reik terug na die verlede om 'n sleutel tot sy hede. Die mens wat dit nie doen nie is geestelik dood. Maar die man wat met sy gesig net na die verlede gekeer lewe, is ook geestelik dood.

Wanneer die mens so ver gekom het dat hy 'n min of meer akkurate begrip kan vorm van die oneindige proses wat hom in die verlede afgespeel het, dan sal hy vasberade vorentoe kyk om die toekoms volgens 'n vaste ideaal te skep. Afgesien van die metafisiese aspekte daarvan, weet ons dat 'n studie van die verlede altyd 'n positiewe strewe om „voorwaarts te lewe” geïnspireer het.

Ons het tot onlangs een groot fout in ons onderwys begaan. Elke onderwyser of dosent het sy vak onderrig. Die vak moes tot sy reg kom. Ons was „kindblind” en „vakwakker”. Maar die onderwys gaan in die eerste plek om die kind en nie om die vak nie. Vakgerigte onderwys het baie vakke dooie vakke gemaak. Die belangstelling van die kind het ontbreek om daaraan lewe te gee.

As ons wil hê dat die kind 'n lewende belangstelling in Geskiedenis moet hê, moet ons rekening hou met die kind se behoeftes, belangstelling en ontwikkeling en metodes van onderwys ontwikkel wat die leerwette in ag neem.

Geskiedenis is vandag verpligtend in Transvaalse skole tot st. VIII — d.w.s. tot aan die einde van die tydperk van verpligte skoolbesoek. Die afforseer van vakke op leerlinge, sonder inagneming van hulle natuurlike aanleg en belangstelling is 'n saak wat nie ligtelik gedoen kan word nie en

die Departement moet baie kritiek verduur oor die getal verpligte vakke wat in die hoërskool voorgeskryf word.

Die beste manier om leerlinge en studente te beweeg om 'n vak te kies, is om die studie van die vak interessant en die moeite werd te maak. Geskiedenis is een van die vakke wat soms deur metodes wat grens aan die blote afrigting vir eksamens, die studie van „spot”-vrae en die najaag van resultate, onpopulêr en „dood” gemaak word.

Laat ons ons oë wend na wat in die middelbare skool met die vak Geskiedenis gebeur.

Die eerste vraag wat enige onderwyser wat ook opvoeder is, homself afvra, is wat hy presies met sy vak beoog. Wat is sy algemene en besondere doelstellings met die vak? As 'n onderwyser in die middelbare skool bv. 'n st. VI-leerling voor hom sien, moet hy 'n beeld van daardie leerling vorm teen die tyd dat hy in st. X sal wees? Wat wil hy in daardie leerling laat groei of verander deur sy vak en hoe wil hy te werk gaan om die doelstellings met sy vak in daardie leerling te verwesenlik? Of dink hy maar net aan die sillabus en hoe hy tog die sillabus betyds kan deurwerk?

Wat behoort die vernaamste doelstellings met die vak Geskiedenis op die middelbare onderwysvlak te wees?

In die eerste plek moet Geskiedenis bydra tot die ontwikkeling van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing by die individu. Daarom moet die leerling voldoende kennis van die Vaderlandse en Algemene Geskiedenis opdoen. Die erfenis van die verlede moet so aangebied word, dat hy sy plig en verantwoordelikheid vir die toekoms van sy volk duidelik besef.

Met ander woorde die nalatenskap van die Westerse Beskawing in die algemeen en van sy eie land in die besonder, moet hom inspireer om ook sy bydrae tot die bewaring en uitbouing daarvan te lewer.

Die vak moet so onderrig word dat —

- (i) die wyse waarop die landsbestuur in sy eie land en in ander lande ontwikkel het, vir hom duidelik word;
- (ii) hy kan leer en insien dat lande en volke van mekaar afhanklik is en dat vaderlandsliefde en vryheidsdrang by alle individue en nasies ingebore is. (Swaartje 104?)

Tweedens moet die studie van Geskiedenis die leerling 'n insig gee in hedendaagse vraagstukke en toestande (soos hulle uit die verlede ontstaan het) met die doel om hom bewus te maak van sy voorregte en pligte asook om by hom 'n waardering aan te kweek vir sekere fundamentele lewenswaardes en ideale.

Vir dié doel moet die leerling se kennis uitgebrei en verryk word met die geskiedenis van moderne tye en strominge soos dit die sosio-ekonomiese aspekte van die moderne Suid-Afrikaanse en die wêreldbeskawing beïnvloed.

Die leerstof moet op so 'n wyse aangebied word dat die leerling 'n begrip van tyd en van die wisselwerking tussen oorsaak en gevolg kan vorm. Hulle moet dus die verband kan sien tussen die leefwyse van die hedendaagse mens en dié van hulle voorvaders, en tussen hulle beskawing en vroeëre beskawings, sodat hulle 'n begrip van goeie burgerskap kan ontwikkel deur 'n intelligente begrip van sake van die dag.

Maar Geskiedenis moet ook sy hydrae lewer, net soos alle ander vakke, tot die verstandelike ontwikkeling van die leerling. Leerlinge wat Geskiedenis as vak gekies het, moet ook gelei word om probleme in die Geskiedenis te ondersoek; om gegewens in verband met die probleme bymekaar te maak, te orden en te rangskik en om oordeelkundig daaruit te kies wat nodig is vir die oplossing van 'n bepaalde probleem.

In Geskiedenis by uitstek, moet leerlinge leer om te dink, nee meer, om objektief en krities te dink, om hulle gedagtes op 'n logiese wyse te sistematiseer en te formuleer, om reg te oordeel en op dié wyse afgeronde en goed versorgde werk te lewer.

Op die vlak van die hoër onderwys moet dieselfde doelstellings met die onderrig van Geskiedenis as op die middelbare onderwysvlak nagestrew word. Maar ons sou daar 'n paar dinge wou byvoeg, nl. dat objektiwiteit as sodanig ten opsigte van die feite uit die verlede sterk by die studente benadruk moet word; dat geestelike selfstandigheid van die studente bevorder moet word en dat die reine en absolute waarheid ten alle tye en onder alle omstandighede gesoek moet word.

Studente moet baie beslis 'n kritiese gesindheid teenoor historiese feite aanleer — d.w.s. hulle moet analities te werk gaan en uit die versamelde materiaal 'n sintese opbou. As dit gedoen kan word, sal ons al ver gevorder het met die bou van Geskiedenis as 'n wetenskap en sal die studente vertrou wees met die vernaamste grondslae van Geskiedenis as wetenskap en met die belangrikste Geskiedenis-bronne.

Laat my toe om 'n paar opmerkings te maak oor die wyse waarop die opvoedkundige program in Geskiedenis op die laer, middelbare en hoër onderwysvlakke gereël word.

In die eerste plek moet daar absolute helderheid wees by die onderwyser en die dosent oor die algemene en oor die besondere doelstellings met die vak en moet die doelstellings almal neergeskryf word, nl. A, B, C, D, ens.

Dan moet daar 'n syllabus opgestel word wat presies daarop bereken is om die beoogde doelstellings te bereik. Leerstof word ingesluit om spesifiek doelstelling A mee te bereik, ander leerstof om doelstelling B mee te bereik, totdat daar voldoende en geskikte leerstof is om elkeen van die doelstellings mee te bereik.

Maar met die opstel van sillabusse word nie net die doelstellings met die vak in aanmerking geneem nie, maar ook die ontwikkelingspeil van die leerlinge. So sal die leerstof in Geskiedenis in die laer klasse van die laerskool homself moet leen tot aanbieding in die verhaalvorm. In die middelbare skool moet die leerstof al so gekies word dat die kind geprikkel word tot ondersoek en selfstandige studie.

As die onderwyser of dosent nou 'n geskikte syllabus opgestel het om die doelstellings met die vak mee te bereik, dan is sy volgende probleem hoe om op die mees geskikte en doeltreffende wyse die leerstof aan die leerling of student oor te dra. Dit is, m.i. hierdie aspek van die saak wat veroorsaak dat Geskiedenis, veral ook op die middelbare onderwysvlak nie altyd gewild is nie.

Die metode van onderrig van 'n vak het twee aspekte — dié van die

onderwyser en dié van die leerling of student. Die aandeel van die onderwyser of dosent en die aandeel van die leerling aan die leerproses (of metode van onderrig) word beide in 'n groot mate deur die onderwyser of dosent bepaal. Metode van onderrig verwys na die bydrae van die onderwyser om die leerstof aan die kind oor te dra en na die leiding wat die onderwyser/dosent aan die leerling/student gee om homself te help.

Sommige onderwysers-dosente in Geskiedenis meen blykbaar dat 'n suksesvolle onderwyser in die vak daardie man is wat alles self noukeurig uitwerk en saamstel en dan op 'n skitterende wyse sy les voordra. Maar wat gebeur met sy leerlinge/studente is so 'n geval? Hulle is passief. Hy gee, hulle ontvang. Hy ondergaan al die opvoedkundige groei en ontwikkeling en hulle memoriseer net.

Wat moet gebeur? Die proses wat in die onderwyser voltrek word, nl. die navorsing van probleme, die samevoeging van inligting, die seleksie van daardie inligting wat betrekking het op die onderwerp en die samestelling daarvan tot 'n netjiese en logiese afgeronde geheel, moes in die kind plaasgevind het.

Wat is die verdere aspekte van hierdie soort van onderwys? Die onderwyser stel miskien die aantekeninge saam, laat dit tik en afrol en die leerlinge kry dit om te leer. Vir die eerste toets moet hulle leer tot by bladsy x, vir die tweede toets tot by bladsy y en aan die einde van die jaar word sekere dele van die sillabus, waaroor vrae gestel kan word, moontlik „gespot”. Die moontlike vrae word sorgvuldig uitgewerk en as die eksamen aanbreek, word die uitgewerkte vrae netjies gereproduseer en kyk daar — die skool spog met talle onderskeidings en almal is bly — die hoof, die onderwyser, die ouers en die leerlinge.

Dit het al gebeur dat die leerlinge so bly was dat hulle besluit het om die klas weer saam te roep en fees te vier. Hulle was so bly dat hulle 'n groot vreugdevuur aangesteek het. En hulle brandstof het bestaan uit al daardie aantekeninge en leerboeke wat deel gevorm het van die proses wat ek nou net beskrywe het. Wie sal nie bly wees as jy aan die einde van so 'n proses gekom het nie? Wie sou nie so reageer nie as hy in die mooiste jare van sy lewe, wanneer hy ontvanklik was om in die gees op sy eie ontdekkingstogte deur die Geskiedenis te gaan, om self te doen, om self te ontwikkel, om innerlik opvoedkundig te groei, tot 'n passiewe ontvanger en reproduseerder gereduseer was?

Wat ek nou net hier beskrywe het is hopelik meer die uitsondering as die reël. Daar is baie oorsake vir hierdie toedrag van sake. Die vernaamste oorsaak is 'n *eksterne* eksamen aan die einde van die middelbare skoolkursus. Daarom dat middelbare onderwys soms cntaard in afrigting vir eksamens. 'n Tweede oorsaak is dat onderwysers meen dat hulle waarde en bekwaamheid gemeet word aan die eksamenuitslae in hulle vakke. 'n Derde en belangrike oorsaak is dat die nodige kennis ten opsigte van die leerwette en die leerproses soms by onderwysers en dosente ontbreek. Opvoedkundiges se siening oor hierdie twee sake is gans en al te eng en te teoreties en soms verwar hulle die twee begrippe. Die leerwette het immers meer betrekking op die leer of memoriseer van feite terwyl die leerproses 'n innerlike groei

van die leerling is waardeur hy tot insig en metode kan kom en liefde vir 'n vak of studierigting kan ontwikkel. Hoe moet dit bereik word?

In plaas daarvan dat die onderwyser op die tradisionele klassikale wyse sy lesse gee, stel hy sy les in die vorm van 'n probleem aan die klas. Dan beplan die klas en die onderwyser saam hoe om die probleem (sê: Waarom het die Voortrekkers getrek?) stelselmatig aan te pak en op te los. Daar moet dus vooraf 'n skema (inhoudsopgawe) van die probleem gemaak word, daar moet vasgestel word waar inligting in die verband verkry kan word, hoe die inligting ingewin moet word, hoe dit verwerk, gerangskik en saamgestel moet word.

Dan word die klas na die skoolbiblioteek geneem (alle Transvaalse hoërskole het goed toegeruste biblioteke) waar hulle geleer word hoe om van 'n biblioteek gebruik te maak, hoe om boeke en tydskrifte te raadpleeg en hoe om inligting te versamel en aan te teken.

Die volgende stap is dan om uit die inligting op 'n logiese wyse 'n sintese op te bou wat 'n versorgde en afgeronde geheel vorm. Die proses wat die kind deurloop, moet hom persoonlik raak — dit moet hy wees wat al die ontberinge verduur, hy wat trek en hy wat met wonder en verwagting 'n nuwe vaderland tegemoet gaan.

Só moet die sillabus dan stelselmatig *deur die leerlinge* deurgewerk en belewe word.

Nou bou hyself sy aantekeninge op, hy leer metode, hy leer om te dink en hy rond sy leerproses af deur die daarstelling van 'n *eie* afgeronde stuk werk deur sy *eie* skeppende aktiwiteit. Sy boeke wat hy so opbou, is vir hom nou 'n simbool van *sy eie groei en sy eie prestasie*. Nou is hy lief vir hulle en is trots daarop en kry hulle 'n ereplek in sy boekrak of *eie* biblioteke.

Sodanige onderwysmetodes sal leerlinge leer om te dink, selfstandig te ondersoek, te wik en te weeg en tot selfstandige besluite te kom. In die begin sal die werkstukke uit baie van die onderwyser en min van die leerling bestaan, maar namate die leerlinge vorder, sal daar al meer van die kind en al minder van die onderwyser in die werkstukke voorkom.

As leerlinge wat bogenoemde proses doeltreffend deurloop het, die lewe ingaan of op universiteit kom, sal niemand hulle daarvan hoef te beskuldig dat hulle nie kan dink of nie selfstandig kan werk nie. Daar word verkeerdelik aangeneem dat Wiskunde en Latyn die enigste vakke is wat leerlinge leer dink. In enige vak kan 'n leerling leer dink. Die dinkproses is 'n verstandspesies wat nie vakgebonde is nie. 'n Probleem, in watter vak of gebied ook al, laat 'n mens dink. En hoe word 'n probleem opgelos? Deur inligting oor die probleem in te win, die inligting te verwerk, te orden en te rangskik en vas te stel watter feite die inligting oor die probleem aan die lig bring. Die probleem word dan (indien moontlik), in die lig van die feite opgelos.

Die vierde en laaste stap wat die onderwyser of dosent in sy opvoedkundige program moet reël, is hoe hy gaan meet wat die vordering van sy leerlinge/studente is en of hy sy doelstellings met die vak met hulle bereik het.

'n Doeltreffende meetinstrument (toets of eksamen) in Geskiedenis moet dus bepaal of die leerling/student

- (a) oor die nodige feitekennis beskik;
- (b) die verband tussen oorsaak en gevolg goed verstaan;
- (c) objektief teenoor feite kan staan;
- (d) geestelik selfstandig is in sy oordele oor en interpretasies van feite;
- (e) wetenskaplike eerlikheid in sy soeke na die waarheid verwerf het, sowel as 'n kritiese intelligensie om te onderskei wat hom op die pad na 'n resultaat kan lei;
- (f) insig en begrip ontwikkel het veral ten opsigte van die verklaring van huidige strominge en ontwikkelinge soos dit uit die verlede ontstaan het;
- (g) en of sy denke gedissiplineer is en hy oor 'n wetenskaplike werkmethode beskik waardeur hy op 'n netjiese, sistematiese en logiese wyse 'n stuk werk kan afrond.

Dit is nie nou die plek en tyd om vir u verder in besonderhede uiteen te sit aan watter vereistes 'n doeltreffende toets of eksamen in Geskiedenis moet beantwoord nie maar laat my toe om kortliks net 'n paar vereistes te noem.

In die eerste plek moet die toets of eksamen geldig wees. Met ander woorde dit moet meet (en doeltreffend meet) of die doelstellings wat ons genoem het, bereik is. Met ander woorde dit moet aan ons daardie dinge van die leerlinge, wat ons graag wil weet, vertel (en doeltreffend vertel).

In die tweede plek moet die toets betroubaar wees — m.a.w. dit moet werklik sê hoeveel die leerling weet en in watter mate hy die verlangde doelstellings bereik het. 'n Toets waarin 'n leerling vandag 50 persent behaal maar waarin hy môre 75 persent kan behaal, is nie betroubaar nie.

In die derde plek moet die toets komprehensief wees — d.w.s. dit moet verteenwoordigende dele van die leerstof dek.

Vierdens moet die toets 'n hoë diskriminasiewaarde hê — m.a.w. dit moet *werklik* aantoon watter leerlinge hulle werk ken en watter nie.

In die vyfde plek moet 'n toets objektief nagesien word.

As die onderwyser of dosent die vier aspekte van sy opvoedkundige program in Geskiedenis, nl.

- (a) doel,
- (b) inhoud,
- (c) metode en
- (d) meting op

'n intelligente en wetenskaplike wyse reël, sal dit nie nodig wees dat mense met versoeke sal kom dat Geskiedenis vir die hoogste klasse verpligtend gemaak moet word nie. Dan sal dit self die leerlinge trek.

Verpligting is 'n woord wat 'n mens slegs na noukeurige ondersoek en sorgvuldige oorweging in die onderwys van toepassing mag maak.

Ek het reeds daarvan melding gemaak dat daar van verskeie kante druk op die Departement uitgeoefen word om die getal verpligte vakke in sts. VI—VIII te verminder en een van die vakke wat as keusevakke geneem word is juis geskiedenis. Om Geskiedenis op *alle* leerlinge in st.

IX en X af te dwing sonder inagneming van hulle verstandsvermoë aanleg en belangstelling en toekomstige studie- of beroepsrigting sal kwaai teenstand by beide leerling en onderwyser uitlok en die verhewe doel wat met die onderrig van Geskiedenis beoog word sal deur dië middel van verpligting verslaan word.

Om hierdie rede kan Geskiedenis en baie ander vakke, wat almal veg om 'n plek in die kurrikulum, nie verpligtend tot st. X gemaak word nie. Laat die vak se eie waarde, vormend en andersins, sy inhoud en die metode waarop hy aangebied word, vir homself as pleitbesorger optree en sy plek in 'n kurrikulum met vrye keuse bepaal. Dit, meen ek, is 'n gesonde beleid.

Ten slotte wil ek u Genootskap hartlik bedank vir sy belangrike werk om belangstelling vir die Vaderlandse Geskiedenis in die algemeen en as skoolvak in die besonder te stimuleer en te bevorder.

A. J. KOEN,

Adjunk-direkteur van Onderwys in Transvaal.